

CQ BOLAND



NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

November 2014

KOMITEE VAN BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Conrad Esterhuysen	ZS1ES	zs1es@bark.org.za
Jan van der Vyver	ZS1VDV	zs1vdv@bark.org.za
Rassie Erasmus	ZS1YT	zs1yt@bark.org.za
David De Kock	ZS1DDK	zs1ddk@bark.org.za
Olivier van Staden	ZS1OLI	zs1oli@bark.org.za
Fabian Palm	ZR1FQ	zr1fq@bark.org.za

Gekoöpteerde Lid

Deon Coetzee	ZR1DE	pib@bark.org.za
--------------	-------	-----------------

KLUB BULLETINS

Tyd: Sondae om 07H45
 Frekwensies: 3670 kHz, 7092 kHz LSB, 145.700 FM & ECHOLINK

WEBWERF

Bark.org.za

FACEBOOK

facebook.com/bolandamateurradioklub

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

Graag herinner ons lede van die klub vergadering op 15 November om 11h00, te Vondeling naby Wellington. Let daarop dat die Veldstasie ook daarna op die lug sal wees. Dankie aan Olivier, ZS1OLI wat die reëlings tref.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met E-pos gestuur word.



Stuur u bydraes aan:



Redaksie epos: zr1fq@bark.org.za

VAN DIE VOORSITTER

Die laaste BARK ledevergadering vind vanjaar by die veldstasie terrein te Paardeberg plaas. Ek verstaan dat die uitsigte vanaf hierdie terrein uitsonderlik is en ons is bevooreg om daar te kan vergader.

Dankie aan Olivier, ZS1OLI, wie die reëlings getref het. Elke lid sal natuurlik sy eie stoel moet saambring omdat die vergadering in die buitlug gaan plaasvind. Die weervoorspeling lyk op hierdie stadium goed en ek sien uit om u daar te sien.

Baie dankie aan almal wie hierdie jaar 'n bydrae gelewer het en wie by BARK bedrywighede betrokke was. 'n Spesiale woord van dank aan die lede wie betrokke was met die opstel en lees van ons weeklikse bulletins.

'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar aan u en u gesin.

Conradt, ZS1ES



BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 15 November 2014

Aanwysings na die geleentheid:

Klapmuts.....draai links rigting Wellington.....ry tot by dubbelpadneem 2de afrit (Voor Paardeberg) links.....dit is dieselfde pad as wat in die verlede geneem is na Slot van Paarl.....10 km verder is daar 'n T- aansluiting.....draai regs.....ry vir ongeveer 4 km en draai weer links by aanwysingsbord. Ek sal aanwysingsborde opsit by die plaas se ingang aangesien dit effens versteek is.

Elke lid sal natuurlik sy eie stoel moet saambring omdat die vergadering in die buitelig gaan plaasvind. Daar is genoeg ruimte waar die veldstasie aangebied word. Elkeen sal ook sy eie kamp toerusting moet saambring. Drinkwater en hout sal voorsien word. Geen elektrisiteit is beskikbaar op kampterrein nie, maar wel ongeveer 500m daarvan waar batterye ensovoorts herlaai kan word.



HERHALER SAKE

Indien u ook weekliks die Wes- Kaap herhaler verslag wil ontvang, stuur net 'n e-pos aan Rassie Erasmus by rassie@snowisp.com. Hy sal reël dat jou adres bygewerk word op die verspreidingslys. Die huidige stand van die herhalers word ook gereeld op BARK se Facebook blad gepubliseer.

Indien u ook 'n donasie aan die herhalerfonds wil maak kan u dit direk in die herhalerfonds rekening inbetaal. Stuur 'n e-pos aan een van BARK se komiteelede om die bankbesonderhede te bekom.

HOE SLUIT EK BY BARK AAN? HOE HERNU EK MY LIDMAATSKAP?

Die maklikste manier om by BARK aan te sluit of om u lidmaatskap te hernu is om dit via die internet te doen. Ledegeld kan ook tydens ledevergaderings aan die tesourier, Rassie Erasmus, besorg word. Ledegeld is jaarliks betaalbaar gedurende Julie maand. Ledegeld vir 'n gewone lid is R100.00 en vir 'n skoolier of student R50.00

Die bank besonderhede is:

Bank: ABSA

Tak kode: Internet – 632005 Toonbank – 334312

Rekening: 042 9720 974



BARK BULLETINS

BARK se bulletin word elke Sondag oggend om 07H45 uitgesaai op verskeie frekwensies. Die verskillende frekwensies is gelys bo-aan bladsy 2 van CQ Boland.

BARK is altyd opsoek na nuwe stemme om die lees van die bulletins te behartig. Indien u belangstel om 'n bulletin te lees en/of op te stel, stuur gerus 'n epos aan enige van die komitee lede.

TERUG IN DIE GESKIEDENIS


Saamgestel deur Fabian Palm, ZR1FQ

Bron en artikel: http://hamgallery.com/qs/country/Tristan_da_Cunha/zd9gg.htm

Soos julle sal onthou was onderstaande foto in die CQ Boland van September 2014 en lede moes raai wie dit was! Hier is nou meer inligting:



Die persoon in die foto is P.J. (Ean) Retief - ZS1PR (ex: ZD9GG / ZS6UD / ZR1CV). Hy was aktief op Gough Island vanaf 5 November 1977 tot en met 12 November 1978. (Dit is tradisie in die Suid- Afrikaanse Antarktiese/ Eiland programme om nie te skeer of jou hare te sny terwyl jy jou toer doen!)

<h1>Z D 9 G G</h1>		40°21'S 9°53'W	
Confirm QSO with			P.J. (Ean) Retief
Radio: <u>KSAA</u>			(ZS1PR)
Date: <u>10 JAN 78</u>		Home QTH:	Spes Bona Garage
Time: <u>2151</u> GMT			Klein Drakenstein
Freq: <u>14</u>			7628 Pearl
RTTY, AM, SSB, <u>CW</u> <u>2 WAY</u>			South Africa
Rprt: R. <u>3.S.1.T.8</u>			OSL MANAGER:
<input checked="" type="checkbox"/> Heath HW 101	<input checked="" type="checkbox"/> Rhombic		FERUCCIO
<input type="checkbox"/> YAESU FT 220	<input type="checkbox"/> Dipole		ZSIZ
<input type="checkbox"/> Siemens FS30	<input type="checkbox"/> Ground plane		Many txn for OSL
			look for ZD9GI beacon
			on 28 212,5kHz



Die HF stasie het bestaan uit 'n Heathkits HW-101 en SB-200. Die geel boks daar agter is 'n tuisgemaakte luidspreker vir die HW-101. Die sakrekenaar bo-op die boeke was gebruik om die volgende verbygang van die OSCAR 7 of 8 satelliet te bereken. Sien teen die muur die kaart van die OSCARS se wentelbane. Aan die regterkant is die Yaesu FT-220 wat gebruik is vir kommunikasie met die OSCARS. Net agter dit kan jy die vinne van die Heathkit HA-202 versterker bespeur wat aangepas was vir SSB. Die SWR brug is gekoppel aan die antenna bord na die HA-202. Voor is die groot Britse Poskantoor Morse Kode Sleutel gekoppel aan die YAESU FT-220.

Alhoewel weersatelliet seine alreeds gedurende hierdie tyd vanaf Gough versend is, was Ean die eerste persoon om 'n transmissie via satelliet vanaf Gough te maak. Tydens Ean se verblyf op Gough was alle kontak met die "buite wêreld" deur middel van die HF radio. Die hoof antenna was 'n Rhombic van 300 meter in lengte en 25 meter bo die grond se oppervlak. Die been lengtes was om en by 200 meter en dit was die hoof transmissie antenna. Ean het die antenna ook vir ontvangs gebruik (omtrek 85% van alle kontakte) en kontakte tussen 80 en 10 meter gemaak asook Mode- A ontvangs van OSCARS 8 & 9. Met die antenna se hoë wins en hoogte bo die nat grond en goeie vertrek hoek bo die see, was dit 'n droom antenna wat hom amper al sy kontakte besorg het vir DXCC nommer 21550.

Alhoewel Gough onder Suid- Afrika se Antarktiese program val, is dit geensens die

ysige en gevriesde plek wat mense dink dit is. Die basis is 40° 21' Suid, en gevolglik is die klimaat heel gematig. Gedurende Ean se tyd op Gough tussen September 1977 tot November 1978 was die minimum temperatuur by die basis opgeneem as 1 °C met 'n maksimum temperatuur van 25 °C. Die jaarlikse reënval is hoog teen 'n gemiddelde 3500 mm.

Die onderstaande foto wys die uitsig deur die venster soos gesien vanaf sy bedryfs posisie agter die toerusting:



Die see is inderdaad daardie donker, amper swart, diep blou kleur. Water temperatuur het gewissel tussen 8 °C tot 15 °C. Daar is geweldig baie kreef rondom die eiland en hengel vanaf die rotse lewer ook baie goeie vis vangste op. Die eiland is 'n voël paradys met 'n geskatte 20 miljoen wat jaarliks daar kom broei.

Gough eiland word beskou as een van die mees onbederfde natuur skatte op die Aarde. Op die foto kan julle die antennes sien wat meestal gebruik is vir ontvangs, maar die wit antenna (grondvlak) op die linker mas het goeie resultate op 15 meter na Wes- Europa opgelewer.



Hierdie uitsig kyk suid vanaf 'n ander radio kamer venster. Soos baie afgeleë eilande, was Gough eiland (uitgespreek as "GOF") ontdek meer as een keer. Oorspronklik was dit gevind deur die Portugese seevaarder Alvarez in die vroeë 1500's wat dit geografies 200 myl verder geplaas het as die eintlike ligging. Kaptein Gough van Britanje het die eiland in 1731 ontdek en vir 'n tydperk het albei Gough en Alvarez se eilande op kaarte verskyn. Die heuwel in die foto staan bekend as "Richmond Hill" so vernoem na Gough se skip. In die foto kan julle sien dat die kranse op die eiland se rand amper vertikaal is. Dit is so lams meeste van die eiland se kuslyn en gevolglik is die paar strande baie rotsagtig en raak dit gou diep.

Gough eiland is basies 'n piek bo-op 'n onderwater bergreeks (midde- Atlanties) en is 8 x 13 kilometer met pieke van tot 910 meter. Die basis is op 'n plat gedeelte aan die Suid- Ooste kant van die eiland en word hoofsaaklik as weerstasie gebruik vir meteorologiese waarnemings.

Ean se vrye tyd was verdeel tussen amateur radio, stap, fotografie en bergklim.

Die Poskantoor het omtrent 5 jaar later 'n posseël uitgereik wat 'n weervoorspeller wys besig om waarnemings te doen op Gough eiland se observasie dek. Op die agtergrond kan die ou OSCAR antenna (heel regs) en WINDOM antenna bespeur word.


Ean reken hy is die enigste radio amateur wat al ooit sy antennes op 'n posseël laat pryk het.....



ZS1TB

Rassie Erasmus, ZS1YT

Ek het solank ZS1TB op WSPR aan die gang gekry by my huis met my radio, modem en antenna. Ek gebruik CPUT se ruitverwysing. Lyk of die sagteware goed loop. Hier is so paar stasies op 'n skerm skoot.



AMATEUR RADIO OP VAKANSIE BUDGET

deur Fabian Palm, ZR1FQ

Baie radio amateurs gaan die lang pad aandurf hierdie Desember, maar het dalk nie die begroting om 'n duur mobiele stasie in hul motor te installeer nie. Ek het onlangs (met die hulp van goeie amateur radio vriende) 'n volledige dual band stasie met antenna in my bakkie gesit vir onder R900! Hierdie amateur stel is natuurlik ook die ideale beginners pakket vir nuwe gelisensieëerde amateurs om op die lug te kom sonder groot besteding.

Al die toerusting (behalwe die antenna) is op Ebay gekoop (en met Paypal betaal), maar die radio is ook by plaaslike verskaffers beskikbaar. Baie van die toerusting word direk na jou plaaslike poskantoor gestuur. Die radio moes by doeane afgehaal word, maar die invoer belasting wat bybetaal moes word is baie billik.


Deon, ZS1G het die antenna verskaf en gehelp met die mobiele installasie terwyl Johan, ZS1RX seker gemaak het die antenna werk optimaal deur dit te toets met sy antenna analiseerder. Ek het ook 'n battery vervanger bestel wat by die voertuig se sigaret aansteker punt ingedruk word en dan die nodigheid van battery herlading uitskakel. Die radio se antenna word uitgeskroef en die eksterne voertuig antenna word aan die radio gekoppel deur middel van 'n BNC koppelaar. Die moeilikste deel van die installasie was om 'n gaatjie te kry in die FORD se enjin kompartement vir die antenna kabel na binne!....

Totale koste van mobiele stasie:

1. Radio	+ - R480
2. Battery vervanger	+ - R70
3. Hand mikrofoon	+ - R80
4. Antenna	Gratis van ZS1G
Totaal:	R630.00

* Pryse hang af van die wisselkoers tydens aankoop van toerusting.

Die Mobile Antenna





Die 2m/70cm Baofeng UV 5-R radio met handmikrofoon en battery vervanger

Nog handige amateur sagteware om te gebruik tydens mobiele werking, is APRS DROID. Dit is 'n posisie aanduidings sagteware spesifiek vir radio amateurs. Kry dit by <https://aprsdroid.org/>

Jy kan natuurlik jou slimfoon in 'n amateur radio versender verander deur die gebruik van Echolink. Laai die sagteware af by <http://www.echolink.org/>

Om op hoogte te bly van waar BARK se klub lede hulself op die lug bevind, sluit gerus aan by BARK se Whatsapp groep deur 'n epos te stuur aan enige van die komitee lede met jou naam, roepsein en telefoon nommer.

WES-KAAP NAGMARS 2014

Deur Johan Le Roux, ZS1RX

Vanjaar se Wes-Kaap Nagmars het plaasgevind op Saterdag-aand 25 Oktober te Louwrensford naby Somerset-Wes. Soos gewoonlik het lede van Boland Amateur Radio Klub die kommunikasie verskaf. Daar was elf punte op die roete met 'n radio op elke punt. Die kommunikasie plan was vooraf uitgewerk en amateurs het kommunikasie op die punte waar die kommunikasie die moeilikste was verskaf.

Vanjaar se span was: Deon – ZS1G, Rassie – ZS1YT, Andre – ZU1KOK, Rone – ZU1RX en die uwe, Johan – ZS1RX.

Daar was drie spanne wat verdwaal het, maar met die goeie kommunikasie kon daar vinnig vasgestel word dat die spanne nie betyds by die volgende punte gerapporteer het nie. Die spanne was almal binne 'n redelike tyd opgespoor en hulle kon die nagmars voortsit.

Daar was gebruik gemaak van BHF en UHF radios. Die Voortrekkers het UHF radios gebruik en die amateurs het beide bande gebruik. Baie dankie aan almal wat gehelp het om 'n sukses van hierdie geleentheid te maak. Volgende jaar doen ons dit weer.

Geseënde Kersfees en'n Voorspoedige Nuwe Jaar!

Aan al die lede van BARK en hul families & vriende.
Reis veilig en rus lekker. Tot volgende jaar. 73



Van:

BOLAND AMATEUR RADIO KLUB